



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

PUNTE

## JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2014 GRAAD 3 AFRIKAANS HUISTAAL TOETS

**PUNTE: 40**

**TYD: 1 UUR**

**PROVINSIE** \_\_\_\_\_

**DISTRIK** \_\_\_\_\_

**KRING** \_\_\_\_\_

**SKOOL** \_\_\_\_\_

**EMIS NOMMER (9 syfers)**

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

**KLAS (bv.3A)** \_\_\_\_\_

**VAN** \_\_\_\_\_

**NAAM** \_\_\_\_\_

**GESLAG (✓)**

SEUN	
------	--

DOGTER	
--------	--

**GEBOORTEDATUM**

C	C	Y	Y	M	M	D	D
---	---	---	---	---	---	---	---

**Die toets bestaan uit 12 bladsye, die voorblad uitgesluit.**

### Instruksies aan die leerders:

1. Lees al die instruksies en vrae baie goed.
2. Vul al die vrae op die toets in.
3. Juffrou sal die voorbeeldvrae saam met jou deurgaan, voor jy met die toets begin.
4. Die toets duur 60 minute.

### Praktiese oefeninge

1. Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Koeie gee vir ons ...

A      brood

B      melk

C      konfyt

D      tee

As jy B omkring het, is jou antwoord reg.

2. Omkring die werkwoorde.

Hy loop, maar sy hardloop.

As jy die woorde 'loop' en 'hardloop' omkring het, is jou antwoord reg.

3. Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die korrekte antwoord.

Die son gee vir ons ...

water.	
kos.	
sonlig.	x
lug.	

As jy 'n kruisie (x) in die blokkie langs die woord 'sonlig' gemaak het, is jou antwoord reg.

4. Die volgende sinne vertel ons hoe om ons tande te borsel.

Nommer die sinne 1-4 in die blokkies om die regte volgorde te wys van hoe jy jou tande borsel.

Maak jou tandeborsel nat.	
Spoel jou mond uit.	
Borsel jou tande.	
Druk tandepasta op jou tandeborsel.	

Jy het die vraag reg beantwoord as jy die sinne soos volg genommer het:

1, 4, 3, 2.

In jou toets gaan jy nog vroeë soos hierdie vrae beantwoord.

Die toets begin op die volgende bladsy.

Lees die storie en beantwoord dan vrae 1-6.

"Ek is dors," sê Mier hardop.

"Waarom drink jy nie 'n bietjie water uit die rivier nie?" koer Duif vanuit 'n boom in die bos. "Wees net versigtig dat jy nie inval nie."

Mier hardloop na die rivier en begin drink. Skielik waai 'n baie sterk wind vir Mier in die water in.

"Help!" skree Mier. "Ek gaan verdrink!"

Duif weet hy sal vinnig moet help om vir Mier te red. Duif pluk 'n takkie van die boom af, vlieg oor die rivier en laat die takkie in die water val. Mier klim op die takkie en dryf veilig tot teen die wal van die rivier.

Mier sien hoe 'n jagter 'n strik stel om Duif te vang. Mier weet hy moet vinnig iets doen om Duif te red. Hy kruip teen die jagter se been op en knyp hom aan sy enkel.

"Eina!" skree die jagter. Duif hoor die jagter en vlieg tot in 'n boom om weg te kruip.

[Verwerk: Oorspronklike werk en oorvertel deur Ann McGovern]

- I. Gee 'n titel (naam) vir die storie.

2. Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Wie is die hoofkarakters in die storie?

A Mier en Olifant

B Mier en Muis

C Mier en Duif

D Mier en Baba

3. Maak 'n kruisie (✗) in die blokkie langs die korrekte antwoord.

Mier en Duif bly in die ...

grot.	
bos.	
huis.	
nes.	

4. Nommer die sinne 1-4 in die blokkies om die korrekte volgorde van die storie te wys.

"Waarom drink jy nie water uit die rivier nie ?"	
Duif vlieg oor die rivier en laat die takkie in die water val.	
"Help!" skree Mier. "Ek verdrink."	
"Ek is dors", sê Mier.	

5. Waarom het Mier die jagter aan sy enkel gebyt?

Mier het die jagter aan sy enkel gebyt, omdat .....

.....

.....

.....

6. Het Mier en Duif vriende geword? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Ek dink Mier en Duif .....

.....

.....

.....

7. Kyk na die prentjie en beantwoord vraag 7.1 en 7.2.



7.1 Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Die Troeteldierwinkel adverteer ...

- A lekkers te koop.
- B klere te koop.
- C diere te koop.
- D kos te koop.

7.2 Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die korrekte antwoord.

Watter diere is nie in die Troeteldierwinkel te koop nie?

apies	
hase	
katte	
visse	

8. Lees :

- 8.1 'n Byvoeglike naamwoord beskryf mense en voorwerpe.  
Omkring **twee** byvoeglike naamwoorde in die sin.  
Die slim seun maak die ou wa reg.
- 8.2 'n Selfstandige naamwoord is iets wat jy kan sien, voel en aanraak.  
Omkring die **twee** selfstandige naamwoorde in die volgende sin.  
Ons gaan na die dieretuin en die museum.
- 8.3 'n Voegwoord verbind twee sinne om een sin te maak.  
Omkring **een** voegwoord in elke sin.  
a. Miere hou van soetgoed en water.  
b. Eekhorinkies hou van neute, maar hulle hou nie van piesangs nie.

9. Skryf die sinne oor in die ...

- 9.1 teenwoordige tyd.  
Die apies het in die piesangbome geklouter.
- .....  
.....  
.....

- 9.2 teenwoordige tyd.  
Die honger leeu het vir die springbok gebrul.
- .....  
.....  
.....

9.3 verlede tyd.

Die vinnige luiperd jaag die haas.

.....

.....

.....

9.4 verlede tyd.

Die olifante loop deur die rivier.


.....

.....


.....

10. Kyk na die prente en vul die korrekte woorde in om die sinne te voltooi.

10.1 Die ..... ry op die spoor.



10.2 Karla ..... met haar pen.



10.3 Ek was myself in die .....



II. Skryf die sinne oor. Vul **twee** leestekens in by elke sin.

II.1 mollie is 'n spelerige seekoei

.....

.....

II.2 waar is my skooltas

.....

.....

II.3 Hoeveel busse taxi's en motors is daar

.....

.....

I2. Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die korrekte antwoord.

I2.1 Die renjaer jaag met sy motor om die baan.

Stelsin	<input type="checkbox"/>
Vraagsin	<input type="checkbox"/>

I2.2 Is daar 'n by in jou koeldrank?

Stelsin	<input type="checkbox"/>
Vraagsin	<input type="checkbox"/>

I3. Lees die tabel en beantwoord vrae I3.1-I3.3.

Vervoer na die skool					
Naam	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
Martin	bus	bus	taxi	bus	trein
Bennie	taxi	bus	taxi	trein	trein
Lebo	trein	taxi	bus	bus	trein
Makkie	bus	taxi	bus	bus	trein

I3.1 Martin en Makkie ry op 'n Maandag per bus skool toe.  
Op watter dag ry hulle albei weer bus?

.....

I3.2 Op een van die dae gebruik al die leerders dieselfde vervoermiddel.  
Watter soort vervoermiddel is dit?

.....

I3.3 Op 'n Donderdag reis Bennie per trein en Lebo per .....

I4. Kyk na die grafiek en beantwoord die vrae I4.1 en I4.2.

### Diereprojek

Aantal diere	8			
	7			
	6			
	5			
	4			
	3			
	2			
	1			
	ape	sebras	leeus	olifante

I4.1 Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Vergelyk die aantal diere wat deur leerders gekies is om hulle projek te voltooi.

Watter dier is die gewildste?

A olifante

B ape

C sebras

D leeus

- 14.2 Omkring die letter langs die korrekte antwoord.  
Hoeveel is die olifante meer as die leeus ?
- A 1  
B 5  
C 3  
D 4
15. Skryf een paragraaf van ten minste 8 sinne oor vriende. Gebruik die korrekte leestekens, taal en spelling. Moenie jou sinne nommer nie.

Vriende

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

TOTAAL: 40